Nogtans sal ek elke mōre stil luister of ek U Stem hoor. Want dit is U wat vir my die krag gee om elke oggend op te staan en my stukkie pad voluit te stap. Dit is U wat my hart se huil stilmaak en die stukkies verlang gaan wegberé,

daar waar dit hoort.

Dit is U wat die verlede se onthou toevou in U hande, en dit eenkant neersit, daar waar dit my nie meer kan raaksien nie.

Dit is U wat langs my kniel en my optel as die pad vir my te lank word. Daarom sal ek glimlag oor U. Daarom sal ek elke oggend U vrede diep in my hart gaan wegberé. Daarom sal ek my kop oplig en die lewe stil in die oë kyk... Want U, Here, loop saam met my. Elke dag. Altijd. En dit is vir my genoeg!



www.istockphoto.com

HULPKRETE!!!

Tuimel-swaai na benede. In die onmeetlike watermassa die uitgestrekte arms van 'n wanhopige. Met die uiterste konsentrasie word die helikopter geloods en die redder gryp-gryp na die drenkeling. Met groot moeite en durfkrag word die ellendige na bo gehys en na veiligheid gebring.

Hoeveel keer het ons al sulke tonele op die TV-skerm aanskou. Noodtoestande as gevolg van watervloede in baie lande het aanspraak gemaak op die waagmoed en dapperheid van menige reddingswerker.

Telkemale egter die ontstellende wete: daar is soveel hulpbehoewendes, maar veels te min reddingswerkers om almal te help te snel. Talle naamlose mense verdwyn in watergrafe en dit sal maande, selfs dalk jare duur, om al die vermistes op te spoor en al die skade te herstel wat aangerig is.

Hierdie krisissituasies gryp 'n mens aan die hart. Jy sien dit, jy hoor daarvan, en jou menswees weet daarvan. Maar sien ons die geestelike nood rondom ons werklik raak? Hoor ons die hulpkrete van drenkelinge wat ook so in die malende, kolkende watermassas van sonde en ontoereikendheid uitroep? Voel ons hulle leid in ons diepste menswees? **Of het ons só onbetrokke en afgestomp geraak wat die geestestoestand van mense aanbetrif dat ons maar net verbystap?** Hoeveel reddingswerkers is daar wat mense na God, die Groot Redder, rig en bring? **Kom ons kyk weer, luister weer en voel weer in hierdie gebroke wêreld. Kom ons maak 'n verskil in die lewens van mense!**

©Huegene Venter

Influence

"They took note that these men had been with Jesus" (Acts 4:13 NIV).

Being 'under the influence' means to be controlled by something or someone. Our family and friends, backgrounds, activities, and media choices all influence us and shape who we are. It works like this: our lives influence our thinking, our thinking influences our actions, our actions influence our character, and our character determines our destiny.

The best Influencer we can have, is Jesus. We need to allow Him to speak into our hearts and minds. The more time we spend with Him, the more we'll become like Him. When the disciples were filled with the Holy Spirit on the day of Pentecost, they were transformed to the extent that some people thought they were drunk!

But Peter said: "These people are

not drunk, as you suppose. It's only nine in the morning! No, this is what was spoken by the prophet Joel: 'In the last days, God says, I will pour out My Spirit on all people'" (Acts 2:15-17 NIV).

Two chapters later, we read this: *"When they saw the courage of Peter and John and realised that they were unschooled, ordinary men, they were astonished, and they took note that these men had been with Jesus" (Acts 4:13 NIV).*

The Holy Spirit, Who is the Influence of Christ, transforms our lives. Let's be under His influence!

So what now? **Who do you spend the most time with**, what social media do you tap into the most? Ask God if they're having a good influence on you or if there are any influences you need to step back from.

- Selected

Trust God from the bottom of your heart; don't try to figure out everything on your own. Listen for God's Voice in everything you do, everywhere you go; He's the One Who will keep you on track. (Proverbs 3:5-6, The Message Bible)

You do not get to choose the events that come your way, nor the sorrows that interrupt your life. They will likely be a surprise to you, catching you off guard and unprepared. You may hold your head in your hands and lament your weak condition and wonder what you ought to do. To suffer is common to all. To suffer and still keep your composure, your faith, and your smile, that is remarkable.

Pain will change you more profoundly than success or good fortune. Suffering shapes your perception of life, your values and priorities, and your goals and dreams. Your pain is changing you!

- Pastor David Crosby

Die Heer het Waarlik Opgestaan!

Deur die eue het mense die opstanding van Jesus Christus ontken. Die Jode het gesê dat Sy dissipels Sy lyk gesteel het (Matt. 28:12 - 15).

Vandag is daar geleerdes wat sê dat die vroeë kerk die storie versin het dat Hy uit die dood opgestaan het, om sodoende die herinnering aan Jesus lewend te hou. Dit is nou behalwe die openlike ongelowiges wat net eenvoudig nie glo nie.

Maar 'n mens hoef nie noodwendig die opstanding van Jesus te ontken om nogtans 'n streep deur die betekenis van die opstanding te trek nie. Jy kan selfs elke Sondag saam met die gemeente bely dat Hy op die derde dag uit die dood opgestaan het, maar dan tog nie leef vanuit die implikasies van die opstanding nie.

Paulus sê in 1 Kor. 15 dat as daar geen opstanding van die dooies (letterlik lyke) is nie (v. 13), dan is Christus ook nie uit die dood opgewek nie.

Dan is ons prediking tevergeefs - sonder inhoud. Dan vertel ons maar net 'n mooi storie. Dan is ons geloof sonder inhoud en waardeloos. En dan is die apostels (Petrus, Johannes en Paulus) valse getuies van God. Maar dwarsdeur die eue (20 eue!) het die kerk gepreek: Die Heer het waarlik opgestaan!

As Christus nie uit die dood opgestaan het nie, dan kan ons maar ophou om elke Sondag 'n erediens te hou; die kerkdeure sluit. Dan is ons voorouers, wat reeds in die graf is, verlore! Dan hoef ons ook nie verder Bybel te lees of te bid of sendingwerk te doen nie. Dan is die lewe "een groot grap"

(Jean-Paul Satre).

Maar nou! Christus is opgewek uit die dood (v. 20)! In die oorspronklike taal van die Nuwe Testament (Grieks) word hier 'n werkwoordsvorm gebruik wat wys na 'n saak wat gebeur het en wat vasstaan. Wat waar en seker is en waarvan die gevolge nog in die hede impak maak. Dus preek Paulus: Jesus Christus het opgestaan uit die dood en die gevolge van Sy opstanding geld deur die eue - tot vandag!

Daarom is 'n lewe wat nie geleef word vanuit die implikasie dat ons as gelowiges ook sal opstaan uit die dood nie, 'n sinlose en doellose lewe. Dan is alles tevergeefs. Dan is my troos in lewe en dood nie dat ek aan Jesus Christus behoort nie (Heidelbergse Katechismus 1), maar dan leef ek net vir die genietinge wat hierdie aardse

lewe my kan gee. Maar wat maak jy dan as jy die laaste groot vyand in die oë moet kyk? Die groot generaal: Generaal DOOD. Dán besef jy dat alles verganklik is en begryp jy waarom sommige mense sover kom om 'n rewolwer teen hulle kop te druk en die sneller te trek. Dan is alles HOPELOOS! Paassondag sê egter: Die dood is dood. Die angel van die dood is uitgetrek. Die doelloosheid van die niks, die grysheid, die leegheid is weg. Jesus Christus het dit weg-geneem!

In jou krisis, as jy doodsbenuoud is, as jy weet die kanker is aan die versprei... Nog ses maande, dalk bietjie langer, maar die einde kom. Dan het jy hoop wat oor graf en dood triomfeer: **Christus leef en ek sal met Hom opstaan tot 'n nuwe lewe!**

-Ds. Koos Mouton, 082 925 3959.

Met Watter Woorde Begin Jy Jou Dag?

Met watter woorde begin jy elke oggend jou dag?

- Moses sou sê: "Here, as U nie saam met ons vooruitgaan nie, laat ons dan net hier bly."
- Abraham sou sê: "Die Here sal voorsien."
- Jakob sou sê: "Ek sal U nie laat gaan totdat U my geseën het nie."
- Josua sou sê: "Ek en my huis, ons sal die Here dien."
- Samuel sou sê: "Spreek Here, U dienskneeg luister."
- Nehemia sou sê: "Die blydskap in die Here is my beskutting."
- Dawid sou sê: "Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie" en "Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daaroor juig en bly wees."
- Salomo sou sê: "Vertrou die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insigte nie. In alles wat jy doen maak dit bekend aan die Here en Hy sal jou paaie gelyk maak."
- Jesaja sou sê: "Staan op, word verlig want jou lig kom en die heerlikheid van die Here gaan voor jou op. Geen wapen wat teen my gesmee word sal iets uitrig nie."
- Jeremia sou sê: "Die Here het planne om my voorspoedig te maak en sal my nie teleurstel nie."
- Jabes sou sê: "U sal my seën en my grondgebied vermeerder."
- Sadrag, Mesag en Abednégo sou sê: "Ons buig voor geen beeld nie, maar ons sal die Here dien."
- Eségiël sou sê: "Enige droë bene in my lewe sal weer lewe."

Cast Your Cares

"Casting all your care upon Him; for He careth for you" (1 Peter 5:7 KJV).

Cast your cares, fears, worries, concerns, and anxieties over to Him. He is your strong Tower. When you are in Christ, you are shielded by His Blood. The Blood of Jesus breaks every curse, destroys your fears, and breaks every torment of the past. Choose to surrender to His Name.

Philippians 2:10 declares, "That at the Name of Jesus every knee should bow, of things in heaven, and things in earth, and things under the earth." There is no sickness, no disease, no demonic force, no principality, no throne, no dominion, no authority that can outrank or dethrone the Name of Jesus. In the Name of Jesus, sickness must flee. In the Name of Jesus, all forms of cancer must dry up. In the Name of Jesus, fear must bow and flee! In the Name of Jesus Christ, limbs are renewed, minds are restored, and families are made whole. In the Name of Jesus Christ, Heaven stands at attention. Choose to run into His Tower!

Don't go forward in your own strength. Don't try to conquer your battle in your own strength. Submit to the strong Tower.

Submit to the Name of Jesus - the Name above every name. Move forward in His strength!

Zechariah 4:6 declares, "Then he answered and spake unto me, saying, this is the word of the Lord unto Zerubbabel, saying, 'Not by might, nor by power, but by My Spirit, saith the Lord of hosts.'"

This is the Word of the Lord to you: God is your strength. He is your strong Tower. Move according to His Word. Submit to His power. Submit to His authority and worship Him. It's not by your own power. It's not by your own might, intellect, and strength. Success, promotion, advancement, and enlargement come from God.

Execute in His timing. Execute in His season. Execute according to His plan. Cast your cares. Cast your dreams. Cast your plans. Cast your desires on Him. Cast and surrender your heart to Him.

"Roll your works upon the Lord [commit and trust them wholly to Him; He will cause your thoughts to become agreeable to His will, and] so shall your plans be established and succeed" (Proverbs 16:3 AMPC).

- Selected

WAAR LIEFDE IS, IS GOD

(Na 'n verhaal van Leo Tolstoi)
In 'n kelderkamertjie onder straatvlak het Martin Avedéitsch skoene gemaak. Dag vir dag het hy oor sy lees gebuk gesit, en wanneer hy 'n keer opkyk, kon hy deur die smal venstertjie bo sy kop net die voete uitmaak van die mense wat op straatvlak verbygeeloop het. Die meeste van daardie skoene het hy self gemaak.

Martin was 'n eensame man. In sy armoede moes hy so hard werk dat hy skaars tyd gehad het om met ander mense om te gaan. Sy enigste gespreksgenoot was God. Namate hy ouer geword het, het die verlange in sy hart gegroei om dié God tot Wie hy so baie gebid het, een keer van nader te leer ken.

Toe droom hy een nag dat Christus aan Hom verskyn en sê: "Martin, hou môre die straat dop, want Ek gaan jou kom besoek."

Die volgende dag was Martin gereed vir sy Besoeker. Vroeg reeds was sy koolsop, melkpap en broodjie gereed vir die belangrike Gas. Elke keer wanneer hy 'n onbekende paar

skoene sien verbykom, het hy opgestaan om deur die smal venstertjie die gesig te probeer uitmaak. Hoe sou Hy lyk?

Toe kies ou Stepánitch, die straatveér, om reg voor die venster te kom staan. Eintlik daardeen aan te leun. Want sy verskrompelde ou lyf was duidelik nie in staat om die sneeu weg te spit soos van hom verwag is nie. Ongeduldig, omdat sy Gas enige oomblik kon opdaag, klop Martin teen die ruit en nooi die ou man in om hom 'n bietjie te kom warm maak by die vuurherd.

Een koppie tee het twee geword en later drie, want ou Stepánitch het lang stories gehad. Martin het maar geduldig geluister, maar elke keer skramms deur die venster geloer of Hy nog nie aankom nie.

Later was Martin se suiker op, maar ou Stepánitch se gesels nog nie. Martin het geluister en ingesien dat die ou drommel maar net so eensaam was soos hysself.

Toe die ou man uiteindelik vertrek, was Martin verbaas dat hy amper van sy Besoeker ver-

geet het.

Skaars was hy weg of Martin sien hoe 'n skraal ou vrouetjie met 'n huilende baba in haar arm teen die oorkantste muur gaan sit waar sy probeer om die kind teen die sneeuwind te beskerm.

"Kom in," roep hy. "Dit is darem warmer hier by my vuurherd." Dankbaar maak die vrou haartuis, maar die baba skreeu een stryk deur. "Is hy siek?" vra Martin. "Hunger!" antwoord sy en kyk verlangend na die papotjie wat op die vuurprut. Toe die vrouetjie later loop, was die pap op en die baba stil. En Martin het 'n vriendin gemaak.

Nou was dit al namiddag en steeds het die Here nie gekom nie. Sou hy wat Martin is Hom dalk verkeerd verstaan het? "Hou die straat dop; Ek gaan jou vandag kom besoek," het Hy tog gesê. Maar al wat dáár verbygaan, is die bekende skoene van Martin se klante.

Tot sy verbasing kry Martin Avedéitsch vandag soveel mense dat hy skaars kan werk. Nou is dit weer 'n kaalvoet-

seuntjie wat by sy venster kom klop om ingelaat te word toe 'n klomp straatbullebakke hom agtervolg. Martin nooi hom dus maar in en vertel 'n paar stories om hom te kalmeer. En stop hom 'n bekertjie sop in die hand teen die koue. Nou is daar byna niks oor vir die hoë Gas nie!

Teen donker gee Martin moed op dat die Here nog sal kom. Dit was, na alles, tog maar net 'n droom, dink hy.

Hy pak sy werkgoed weg, steek die lamp op en haal sy Bybel uit. Dit val asof vanself oop by Matteus 25:35 - *"Ek was hunger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves. Ek was sonder klere, en julle het My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek..."* Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." **Toe verstaan Martin wat die Here bedoel het...**

[Uit: Stories vir die Lewe-Omnibus, Lux Verbi]

UITERSTE TOEWYDING

William Tyndale het die Nuwe Testament in Engels vertaal. Dit is in Duitsland gedruk. Jare lank is hierdie klein testamentjies na Engeland gesmokkel totdat Tyndale deur 'n "vriend" verraai is.

Nadat hy vir kettery verhoor is, het hy 'n jaar in die tronk deurgebring in afwagting op sy teregstelling. Hy het die Ou Testament net betyds klaar in Engels vertaal voordat hy in 1536 op die brandstapel gesterf het. Daar het hy sy laaste gebed gebid: "Here, maak die koning se oë oop!" Die Here het! 'n Jaar later is die druk van die eerste wettige Engelse Bybel toegelaat. Vandag stem 90% van die King James Bible woordeliks ooreen met Tyndale se werk!

* * * * *

Nikolai Khamara het as 'n dief tronk toe gegaan en as a Christen uitgekom. Na die inhegtenisneming van sy pastoor, het die owerhede gedreig om Khamara te martel om ondergrondse geheime van die pastoor te verkry. Khamara het sy pastoor verseker: "Ek gee nie om om vir Christus te ly nie."

Hulle het toe Khamara se oë uitgesteek. Die pastoor het uitgeroep: "Hoe kan ek dit aanskou? Jy sal vir altyd blind wees!" Khamara het geantwoord: "Nou sal ek meer skoonheid sien as wat ek ooit met my oë gesien het. Ek sal die Verlosser sien!"

Hulle het toe gedreig om sy tong uit te sny. "Prys die Here Jesus Christus! Nou het ek die hoogste woorde gesê wat gesê kan word. Julle kan maar my tong uitsny!" Hierdie mense kon nie sy geloof breek nie. Hy het uiteindelik 'n martelaarsdood gesterf! [www.persecution.com]

Lieve Heer,


Omvou my met U liefde:

- *My verstand: om ander te verstaan en nie te minag nie.*
- *My gesig: om U liefde uit te straal na die wêrelde.*
- *My ore: Om in liefde na ander se probleme te luister en ook om U te gehoorsaam.*
- *My oë: Om ander deur U oë te sien en met hulle medelye te hê.*
- *My mond: om van U liefde te vertel en só ander te bemoedig.*
- *My hart: sodat ek ander kan vergewe en vrygewig kan wees.*
- *My hande: om in liefde vir U te werk sonder om vergoeding te verwag.*
- *My voete: om die pad van liefde, met die Ewige Lewe as eindbestemming, te stap en so ook 'n voorbeeld aan ander te stel.*

Omvou my vandag in u sagte, warm liefde en vriendelike teenwoordigheid, soos 'n snoesige kombersie 'n klein kindjie...

Laat my in liefde leef, in U liefde, tot gehoorsaamheid en redding van siele.

© C Venter



Ever felt the bite of winter's wind? Maybe you have always lived in the sunshine and have escaped the snow and the sleet. It's unlikely, though, that you've avoided all the harsh and bleak of life. Spiritual winter, like nature's blizzard, can destroy and kill - freezing families, chilling churches, and cracking communities.

How do you cope when the howling winds of discouragement and adversity blow? To survive spiritual winter, study these four strategies:

PROPER ATTITUDE

Winter is not an enemy. Why? "God made winter" (Read Psalm 74:17). The snowpack He sends in winter, waters the valleys on hot summer days. He creates the cold weather that kills pesky bugs. Many flowers He designed, demand a winter, or refuse to bloom.

However, like southbound snowbirds we tend to shun winter, to avoid the difficult. But hard is not bad, it is just hard. Like the months of cold, your spirit's wintertime is not your enemy. Receive the season. Let it kill corrosion of character, bring out the best of blooms, and develop a depth that detours drought.

PROPER CLOTHES

The amazing woman of Proverbs 31 dismissed the wail of wintery winds: "She fears not the snow for her family, for all her household are doubly clothed in scarlet" (Proverbs 31:21).

Why did the Holy Spirit tell us how to prepare for winter, also concerning our clothes? (Prov. 6:6) Merely a reminder to bundle up before embracing snow and storm? Hardly. God, like Proverb's virtuous woman, provides double protection from spiritual frostbite for His household, so that we can walk through winter without fear.

What does His winter wardrobe look like? Scarlet-coloured and doubly

thick! He provides both the blood-red robe of righteousness and the garment of praise. Like a cheery fire, praise in dark days warms the soul and lights up life, protecting us from spiritual frostbite. Make this double-layered look a must in your winter wear. (It's always "in" - whatever the season!)

PROPER LOCATION

Moving in winter on slippery roads is inconvenient and dangerous. Do you opt for flight when adversity blows? Like a spiritual snowbird, do you refuse to endure the gusts of God? Better wait till spring to decide if God really wants you to head for another place. Paul urged Timothy, "Do your utmost to come before winter" (2 Timothy 4:21). In Acts 27, people insisted on travelling too close to the stormy season. The result? Paul's famous shipwreck.

Are you in winter? A change in spouse, church, or address won't cure you. Stay put, pray, and wait for spring!

PROPER BELIEF

How do you survive winter? Although these wise Welsh words are true: "It's a long road that has no turning," winter is not endless. Let God's promise to Noah be yours: "While the earth remaineth, seedtime and harvest, and cold and heat, and summer and winter, and day and night shall not cease" (Genesis 8:22).

Are you in spiritual winter? Hang on, Spring is coming. One day you will look out of the window of your soul and sing with Solomon: "My beloved spoke, and said to me: 'Rise up, my love, my fair one, and come away. For lo, the winter is past, the rain is over and gone. The flowers appear on the earth; The time of singing has come, And the voice of the turtle dove is heard in our land. The fig tree puts forth her green figs, and the vines with the tender grapes give a good smell. Rise up, my love, my fair one, and come away!'" (Song of Solomon 2:10-13, NKJV).

The Letter

One day a woman named Louise fell asleep in her bed, and dreamt a very upsetting dream. She dreamt that someone in Hell wrote a letter to her, and it was to be delivered to her by a messenger. The messenger passed between the lakes of burning fire and brimstone that occupies Hell, and found his way to the door that would lead him to the outside world.

Louise dreamt that the messenger walked to her house, came inside, and gently - but firmly - woke Louise. He gave her the letter, saying only that a friend had written it to her from Hell. Louise, in her dream, with trembling hands, took the letter and read:

"My Friend, I stand in Judgment now,
And feel that you're to blame somehow.
On Earth, I walked with you day by day,
And never did you point the way.
You knew the Lord in truth and glory,
But never did you tell me the story.
My knowledge then was very dim;
You could have led me safe to Him!
Though we lived together on the earth,
You never told me of the second birth.
And now I stand this day condemned,
Because you failed to mention Him.
You taught me many things, that's true,
I called you "friend" and trusted you.
But I learn now that it is too late,
You could have kept me from this fate.
We walked by day and talked by night,
And yet you showed me not the Light.
You let me live, and love, and die,
You knew I would never live on high.
Yes, I called you a "friend" in life,
And trusted you through joy and strife.
And yet on coming to the end,
I cannot, now, call you 'My Friend'.
Marsha"

After reading the letter, Louise awoke. The dream was still so real in her mind and sweat dropped from her body in pools. She swore she could still smell the acrid smell of brimstone and smoke from her room. As she contemplated the meaning of her dream, she realised that as a Christian, she had failed in her duty to "go out to all the world and preach the Gospel." As she thought of that, she promised herself that during the next week or two, she would call Marsha and invite her to go to church with her. She eventually called Marsha and this was the conversation: "Morning Bill, is Marsha there?" "Louise, don't you know?" "No, Bill, know what?" "MARSHA WAS KILLED IN A CAR ACCIDENT LAST NIGHT. I thought you had known."

Fellow Christian, is this your testimony? Are you witnessing to your friends that you are with every day? Or will there be friends of yours in Hell, asking you why you did not tell them about JESUS? How many of your friends will hold you accountable for not telling them about Jesus and His love?

-Author Unknown

A Personal Matter

"The life of Christianity," said Luther, "consists of personal pronouns. It is one thing to say, 'Christ is a Saviour.' It is quite another to say, 'He is MY Saviour.' The devil can say the first. Only a true Christian can say the second. FRIEND, WHAT IS CHRIST TO YOU?

'n Siel Opgeveil

Die vermaarde Engelse prediker, Rowland Hill, was eenmaal besig om in een van die groter stede in Engeland te preek.

Mense het van heinde en verre na hom kom luister. In die middel van sy rede hou daar 'n koets voor die deur stil, en die volgende oomblik kom Lady Anne Erskine die kerk binne. Sy was iemand wat bekend was vir haar rykdom en liefde vir vertoon, 'n ster van die hoogste orde by elke dans-party, konsert en opvoering, maar 'n seldsame besoeker aan enige kerk waar God met erns aanbid is. Sy het van Rowland Hill gehoor en wou hom graag eenmaal hoor preek "net om haarself te behaag."

Die oomblik toe die prediker haar sien, kom die gedagte by hom op dat 'n spesiale geleentheid aan hom vergun was om 'n siel van diens te wees.

Meteens onderbreek hy sy rede, strek sy hand uit in haar rigting en sê met 'n kragtige stem: "Kyk, hier kom Lady Anne Erskine. Kom ons veil haar siel op!"

Die verbasing van die dame was onbeskryflik! Alle oë was nou op

haar gerig, en sy het gevoel asof sy in die grond kon weg sink, maar sy het dit onmoontlik gevind om haarte ont trek.

Die prediker se stem het weer deur die gebou weer klink:

"Wie sal Lady Anne Erskine se siel koop?" Vir 'n oomblik het hy stilgebly nadat hy hierdie merkwaardige vraag gevra het, en toe vervolg hy: "Ek sien verskeie begerige kopers wat gewillig is om hulle prys te betaal."

"Wêreld, wat sal jy daarvoor betaal?"

"Ek sal al die prag en heerlikheid waaroer ek beskik, gee, eer en invloed, 'n lewe van weelde en genotvolle tye."

"Niks meer nie? Geen onsterflikheid en ewige lewe daarby nie?"

"Dit besit ek self nie."

"Dan is jou prys te laag vir ons. Wêreld, jy sal haar nie kry nie! Want wat sou dit die dame baat as sy die hele wêreld sou win en haar eie siel sou sy verloor?"

"Nou, Satan, wat is jou bod?"

"Ek bied die lus van die oë, die lus van die vlees en die trots van die lewe. By my kan sy haar eie sin kry, al haar begeertes bevredig en

die wêreld se beker van genot tot op die bodem ledig."

"En wat eis jy in ruil daarvoor?"

"Haar siel; dat sy eens en vir altyd in my mag kom."

"Die prys is te hoog vir ons: Jy sal haar ook nie kry nie, Satan, want jy is 'n moordenaar van die begin af, 'n leuenaar en die vader van die leuen!"

"En nou, Here Jesus, wat sal U gee?"

"Ek het reeds My eie lewe vir die dame gegee. Ek het My bloed vir haar gestort toe Ek aan die kruis die rantsoen betaal het vir die hele wêreld. Ek sal haar siel vervul met 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan. Ek sal haar genieting gee wat die wêreld nie kan gee en nie kan wegneem nie."

"Ek sal haar beklee met die kleed van geregtigheid en haar met die goud van die geloof versier. Ek sal haar as 'n seëlring bewaar, en niemand sal haar uit My hand ruk nie. En wanneer sy haar wedloop in die geloof voleindig het, sal Ek haar na Myself in heerlikheid opneem, want waar Ek is, daar sal My dienaar ook wees."

"En wat vra U in ruil vir al hierdie heerlike gawes?"

"Haar sonde, haar slechte gewete,

alles wat haar innerlik verdruk en kwel."

"Here Jesus, U sal haar kry. Uwe is sy en Uwe sal sy bly tot in alle ewigheid!"

"Lady Erskine, is u tevrede?"

"Ja," antwoord sy met 'n luide, vaste stem, terwyl 'n golf van ontroering deur die hele vergadering trek.

En Lady Erskine het haar woord gehou. Van daardie oomblik af het sy van lewenswyse verander. Sy het al haar versiersels en tierlantyntjies afgelê en alle ydele plesier en wêrelde geselskap versaad.

Sy het 'n vriendin en moeder geword vir almal wat siek en arm, ellendig en in nood was. Niemand het meer heilige ywer vir die saak van Christus aan die dag gelê en meer opgeoffer as hierdie eertydse wêrelde vrou nie. Haar hele lewe deur het sy God se opsoekende liefde geprys wat haar na daardie diens gelei het en haar op so 'n kragtige wyse losgeskeur het uit die kloue van die wêreld en sy vors, die satan!

Uit: Wegwyser na die Ewigheid - Timo Kriel.

Voetspore...

'n Dronkaard het een nag weer voortgestompel na die kroeg... Buite het dit swaar gesneeu, maar sy dranklus het hom voortgedryf.

By die armoedige huisie het die moeder en kinders met angs op sy tuiskoms gewag.

Met haar neusie plat teen die ruit vasgedruk, het een klein dogtertjie na die sneeu buite gekyk.

En toe sien sy dit! Die diep spore in die sneeu!

Sonder om te aarsel het sy die voordeur oopgemaak en uitgeglip. Haar treetjies het lank gerek om in die groot voetspore te bly, tot daar waar die helder ligte van die kantien gewink het. Toe die vader opkyk, was hy gesok om die kind daar te sien.

Op sy vraag, "Hoe het jy hier

gekom?" was die helder antwoord: "Ek het net in Pa se voetspore gevolg!"

Dié woorde van 'n onskuldige kind was die oorsaak van hierdie vader se redding.

Onthou! Jy loop nie jou pad alleen nie!

[Van die Here ontvang - Gabrielle Malan].



Jer. 20:11

★★★ **B&B** *Uit die Hand*

KLERKSDORG

BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS

Skakel "Alte-Welkom"
082 492 2299
018 468 1921
altewelkom@telkomsa.net
www.altewelkom.com

v
a
n
d
i
e
H
E
E
R

AGS BAILLIE PARK

KERK IN BEWEGING
Dienste @ 09:30 elke Sondag

PREDIKER: PAST. JOHAN NORTJE
083 280 8971
SONDAE OM 09:30
WYNNESTRATAAT 18 POTCHEFSTROOM

Pastoor Johan Nortje 083 280 8971